



*Towerlantern Fotografie*  
**fotografienuus**  
november 2019

*'Fotografer die lig'*  
Lensopening f2,8; Sluiterpoed 1/400 sekonde; Fokale lengte 100 mm

Wanneer ons vir ons fotografiestudente sou sê "Fotografeer die lig!" is daar gewoonlik 'n paar verbaaste / verwaaste gesigte. Hoe sal jy so 'n opdrag uitvoer? Ons wil graag in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* antwoorde gee.

Ons oorhoofse tema in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* is dus: Fotografeer die lig! Stel jou oop. Lees ons wenke; begryp ons voorbeelde; bo alles neem foto's en stuur dit vir ons vir plasing.

Ons stel ook: Towerlantern se visie is steeds dat ons met die lig van ons fotografie die Here wil eer en in sy lig wil leef. Ons hoop ons kan jou ook hierin bemoeë en ondersteun. En wat dit betref, beleef saam met die komponis Joseph Haydn uit sy oratorium, *Die Skepping*, "Die hemele vertel" by <https://youtu.be/OwqqfbinUDY>

Lees verder in hierdie uitgawe nog meer oor lig en optika.

Johan

**Redakteur:** Johan de Klerk

**Bladuitleg:** Fransa Vorster van [Colourcode Designs](#)

*Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief?*

*Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor!*

*Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.*

*Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.*

## voorbladfoto

Hier is 'n paar opmerkings in verband met die voorbladfoto – met sommige sal jy miskien maklik saamstem, met ander nie so maklik nie:

- Die foto is in die Botaniese tuin van die plaaslike universiteit geneem.
- Die foto lê klem op lig. Soos ons gesê het, fotografeer die lig.
- Die kleurvolheid van die foto is te danke aan herfsblare – maar die foto is in Oktober geneem.
- Die foto is eg – daar is geen naverwerking gedoen nie, behalwe verkleining ter wille van die publiseringsgrootte.
- Die foto wys nie die absolute werklikheid nie; jy sien nie die toneel soos die werklikheid lyk nie.
- Die foto is onderstebo.

As jy in of naby Potchefstroom woon, besoek gerus die plaaslike Botaniese tuin. As gevolg van allerlei euwelagtige gebeure is die tuin ongelukkig net oop vir besoekers gedurende die dag (8:00 tot 16:00). As jy verder weg bly, doen vooraf navraag. As jy 'n student is of was in Potchefstroom, sal jy moontlik selfs allerlei herinnering daaraan koester.

Neem jou voor om foto's te neem waarmee jy die kyker verras. Maar vir ons doel nou, lê klem op die lig. En sien wat niemand anders sien nie!

# RIGLYNE

## om die lig te fotografeer

Natuurlik is lig nodig vir alle foto's wat geneem word. Ons weet dit, want dit is die een rede hoekom daar instellings op die kamera is vir die lensopening en sluiterspoed.

Maar as ons praat van "Fotografeer die lig!" dan val die lig juis op lig. Kyk dus in alle gevalle uit vir ligkolle, ligstrepe, ligweerkaatsings, ligbrekings, ensovoorts, en selfs skaduwees.

Ons neem aan jy sien só 'n toneel en is gereed met jou kamera. Doen dan die volgende:

**Driepoot:** Gebruik beslis 'n driepoot om te sorg dat jou kamera sien wat jy sien.

**Komposisie:** Laat die toneel jou lei na 'n geskikte komposisie – en onthou al die reëls.

**Lensstelsel:** Gebruik enige lens, afhangend van die toneel.



**ISO:** Begin by 'n l e waarde en pas aan.

**Fotoformaat:** Kies 'n geskikte formaat. My eerste keuse is meesal landskapformaat vir die beste vertoning op 'n skerm.

**Witbalans:** Kies 'n geskikte witbalans.


**Lensopening:** Gebruik 'n groot lensopening vir 'n vlak velddiepte. As dit kan, kom so naby as moontlik aan die toneel en zoem heelwat in.




**Fokussering:** Fokusseer op die trefpunt.

**Sluiterspoed:** Gebruik die kamera se liniaal vir beste beligting.

**Fotosessie:** Neem heelwat foto's en eksperimenteer. Die foto op die vorige bladsy en di  op hierdie bladsy gee 'n paar idees.

## verdere idees





## KOMPETISIE: MAAK JOU KEUSE

Ons fotografievriend Sampie Stoffberg (e-posadres: [sampie@lantic.net](mailto:sampie@lantic.net)) van wie ons in die vorige uitgawe melding gemaak het, geniet dit om met sy hommeltuig (Engels: *drone*) landfoto's vanuit die lug te neem. Jy weet dalk reeds hoe dikwels daar ook hiervan gebruik gemaak word in TV-programme. As jy meer van hier-

die tegniek wil weet (of dalk selfs 'n hommeltuig wil aanskaf), kontak Sampie by die bogenoemde adres.

Sampie het vir ons 'n paar foto's gestuur wat ons hierby plaas. Kies

- een foto waarvan jy die meeste hou en
- een foto waarvan jy die minste hou.

Motiveer in albei gevalle jou keuses en stuur dit vir ons by [johan@towerlantern.co.za](mailto:johan@towerlantern.co.za)


Moontlik is jy die gelukkige wenner van R500, met dank aan Sampie. As daar geen wenner aangewys kan word nie (om watter rede ook al) sal die prysgeld op 'n ander manier aangewend word.

*Towerlantern Fotografie*  
- november 2019 -

# GEORGE EASTMAN

George Eastman (1854-1932) is bekend as die vervaardiger van die eerste alledaagse kamera. Dié kamera, 'n Kodak-kamera, het op die mark gekom in 1884. Danksy die ontdekkingswerk van Eastman kon enigiemand foto's neem met 'n kamera wat in die hand gehou word. Die firma se slagspreuk was "you press the button, we do the rest", en binne 'n jaar was dit 'n algemene spreuk.

Net so bekend aan fotografe was die *Kodak Girl*, wat hierby afgebeeld word. Daar word hiervan gesê, "Space was taken at world expositions, and the *Kodak Girl*, with the style of her clothes and the camera she carried changing every year, smiled engagingly at photographers everywhere". Eastman is in ons verband ook bekend vir die belangrike wysheid: "Light makes photography. Embrace light. Admire it. Love it. But above all, know light. Know it for all you are worth, and you will know the key to photography." Laat dit ook jou slagspreuk wees.



## Moorivier Kersmark

Die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos hou jaarliks hul Moorivier Kersmark teen die einde van November. 'n Groot verskeidenheid artikels



## Moorivier Kersmark

word te koop aangebied. As jy dus begin dink aan Kerstgeskenke, hou dit in gedagte.

Towerlantern Fotografie is in die gelukkige posisie om vanjaar ook 'n stalletjie te beman. Vir ons gaan dit nie in die eerste plek om ware te verkoop nie, maar om Towerlantern se naam wyer bekend te stel.

Hier is verdere inligting as jy die saak sou wou ondersteun:

Datum: 29 November tot 7 Desember (Sondag 1 Desember uitgesluit)

Tye: 9:00 tot 20:00

Plek: Rocherstraat 75, Bailliepark

*Towerlantern Fotografie*  
- november 2019 -

# optika

Vir algemene fotografe is dit gelukkig nie nodig om die fisiese eienskappe van lig te bestudeer nie – nog minder om ons moeg te maak met die wiskunde en fisika wat daar agter sit.

Tog, as daar nie wiskundiges en fisici was wat lig bestudeer het nie – en dit nog steeds doen – sou ons nie mikroskope, kameras of teleskope gehad het nie. En as jy 'n bril of kontaklense dra terwyl jy hier lees, sou jy ook nie daardie gerief gehad het nie.

As jy dus hoor van die vakgebied Optika, moenie skrik nie. Wees net stil-dankbaar daarvoor. Sonder om in die wiskunde vas te val, gee ons dié interessantheide:

- Die vroegste bekende lens is gemaak van gepoleerde kristal en dateer terug tot 700 vC met die vervaardiging van die Assiriese Nimrud-lens.
- In 984 nC het die Persiese wiskundige Ibn Sahl 'n verhandeling geskryf met die titel "Oor brandende spieëls en lense" waarin hy 'n weerkaatsingswet beskryf het wat ons vandag ken as Snell se wet.
- Die eerste praktiese brille is teen ongeveer 1286 in Italië ontwerp. Dit was die begin van die optiese industrie vir die vervaardiging (slyp en poleer) van lense.
- In die vroeë 17e eeu het Johannes Kepler die studie van geometriese optika uitgebrei na lense, weerkaatsingsvlakke,



*'n Kleurvolle aandhemel is dikwels toe te skryf aan die verstrooiing van lig as gevolg van stof- en besoedelingsdeeltjies, soos hierdie foto toon.*

gaatjekameras (Engels: *pinhole cameras*) en die optiese verduideliking van maans- en sonsverduisterings asook astronomiese paralaks.

- Kepler het verder die rol van die retina beskryf as die orgaan in die liggaam wat beelde waarneem. Sodende het hy ook die werk van brilmakers van die voorafgaande drie eeue bevestig.

Vir nog veel meer interessantheide oor lig, lees by <https://en.wikipedia.org/wiki/Optics>



# 2020-KURSUSSE VAN TOWERLANTERN FOTOGRAFIE

**Eerstevlakkursus:** Ons laaste eerste-  
vlakkursus van 2019 maak gedurende  
November klaar. Ons beplan om  
gedurende 2020 weer 'n paar van hierdie  
kursusse aan te bied.

**Selfoonkursus:** Ons besef watter groot rol  
selfoonkameras deesdae speel. Daarom  
het ons gedurende die afgelope maande  
reeds 'n paar selfoonkamera-kursusse  
aangebied. Ons sal DV in die toekomst  
nog meer aandag aan dié saak wil gee.

**Gevorderdevlakkursus:** Soos gedurende  
die afgelope paar jaar beplan ons ook  
twee gevorderde kursusse gedurende  
2020. Aandag word in hierdie kursusse  
aan 'n wye verskeidenheid fotogenres  
gegee.


**Spesialiskursus:** Ons het gedurende  
2019 ook met 'n derdevlakkursus begin  
en ons beplan om dit DV volgende jaar  
voort te sit. Gedurende 2019 het ons  
besondere aandag gegee aan landskap-,  
makro- en impressionistiese fotografie.

Ons besin nog oor die fotogenres vir  
volgende jaar. As jy reeds teen die einde  
van 2019 die gevorderdevlakkursus  
gedoen het, kan jy met dié kursus verder  
gaan. Oorweeg dit solank vir 2020.

**Aanlynkursusse:** Beide die eerste-  
en gevorderdevlakkursus is ook aanlyn  
beskikbaar. Die voordele van dié kursusse  
is dat jy (binne perke) dit op jou eie tyd  
kan doen. Omdat dit aanlyn is, kan jy dit  
doen waar jy ook al in die wêreld bly –  
solank jy net Afrikaans ken.

Met Kersfees om die draai is enige  
van hierdie kursusse aan te beveel  
as Kersgeskenke. En onthou, die  
persoon vir wie jy dié geskenk gee,  
gaan baie langer daarmee gelukkig  
wees as wanneer dit net 'n boks  
sjokolade sou wees.

*Daar het vir ons 'n nuwe wêreld  
oopgegaan. Ons sal graag wil  
kontak hou en nog mooier foto's  
geneem kry. Ons het nie geweet  
ons kan dit regkry om selfs  
kunsfoto's te neem nie!  
Karel & Hetta*



## Waardering van lesers

Ons vra nooit vir waarderingsnotas nie. En daarom is ons soveel te meer dankbaar vir waardering wat deur fotograaf-lesers gestuur word. Ons noem die volgende:

- Baie dankie vir jou *Fotografienuus* wat ek van jou ontvang het. Ek sê nog steeds dis die beste tydskrif wat ek deesdae onder oë het!!  
– Hettie Antunes
- Ek geniet jou nuusbrief regtig besonder baie. Julle is eerlikwaar so kreatief in wat almal doen. Dankie vir al die harde werk wat daarin gaan en wat jul so onselfsugtig deel!!  
– Melinda du Toit

Hiermee ons dank aan Hettie en Melinda



Studente wil dikwels hul toevlug neem na die kamera se flits. As die toneel te donker is, dan: Kameraflits! As die toneel ver verwyder is, dan: Kameraflits.

Pasop! Moenie dom wees nie – benut so veel as moontlik natuurlike lig. Dit lyk

eenvoudig maar net die beste. By die

onderstaande adres van Canon word 'n paar wenke gedeel.

<https://www.canon.co.za/get-inspired/tips-and-techniques/how-to-use-natural-light/>



“If I do a job in 30 minutes it’s because I spent 10 years learning how to do that in 30 minutes. You owe me for the years, not the minutes.” – Davy Greenberg (via Twitter)



## OP INTERNET GESIEN

Hierdie is goeie raad om te onthou... Veral as iemand volgende keer weer 'n opmerking te maak het oor jou prys as jy hul foto's moet neem. (Inskrywing by Facebook, 25 Oktober)